Scriptura 21 (1987), 24-50

# FILEMON IN DISKUSSIE: ENKELE HOOGTEPUNTE IN DIE STAND VAN SAKE

J H Roberts
Departement Nuwe Testament
UNISA
Pretoria

**Abstract**

Much scholarly attention has recently been paid to Paul's letter to Philemon. The letter's briefness allows for experiments in methodology, and current interest in the sociology of early Christianity is attracted by its testimony to social relationships provided by, amongst others, the request of Paul to the Christian slave owner, Philemon, regarding his slave, Onesimus.

This review of current research on Philemon takes account of four approaches along the structural line dealing with the letter form, a possible rhetorical form, an experiment with the narrative form, and lastly passes on some results of a discourse analysis.

In the section on the letter form the study by Kim on the familiar Greek letter of recommendation with a special section on Philemon, and those by White about the letter body and other related material, was discussed and criticised. The study by Church about Philemon's rhetorical structure was found to be stimulating. That aspects of

rhetorical speech played a vital role in this letter (and others), should be acknowledged. However, to read the letter as a structured oration of the deliberative type, seems to force the issue. The major study by Petersen on the sociology of Paul's narrative world will long be of consequence. One major drawback was found to be the fact that many exegetical positions which seem to follow from the methodology applied, was in fact based on prior choice, without the benefit to the reader of a close discussion. The results reflected in the last section encompass the delimitation of pericopae and the text cohesion within the various pericopae, as well as a note on the macro-structure of the letter.

Wie hom vandag besig hou met Filemon, die kleinste van Paulus se briewe, kan nie anders as hom te verbaas oor die groot belangstelling in die brief en die intensiewe aandag wat daaraan gegee word nie. Afgesien van kommentare op dié brief wat saam met die kommentare op ander briewe in een bundel saamgebind is (vgl Matter 1965; Ernst 1974; Lohse 1977; Bratcher & Nida 1977; Martin 1981; O'Brien 1982), het daar onlangs verskeie selfstandige volumes oor Filemon verskyn (vgl Stuhlmacher 1975; Suhl 1981; Gnilka 1982). Hiernaas het daar 'n stroom artikels, asook 'n omvangryke boek (Petersen 1985), oor die brief die lig gesien (vgl Roberts 1983b). Sommige hiervan is van besondere belang omdat daar met die aanwending van nuwere metodes geëksperimenteer word - iets waartoe hierdie geskrif hom vanweë sy kortheid besonder goed leen (vergelyk, afgesien van die werk van Petersen, onder andere White 1971; Smijewski 1974; Church 1978; en die boek van Kim 1972).

'n Mens sou nie ver verkeerd wees nie as jy sou beweer dat een van die belangrikste redes vir die huidige belangstelling in Filemon juis in die geleentheid lê wat dit tot nuwe metodetoetsing bied. Hiernaas

tree daar nou al sterker 'n belangstelling na vore in die sosiale problematiek waarvoor hierdie brief met sy klem op die verhouding van baas en slaaf so 'n goeie voorbeeld bied (vgl Feeley-Harnik 1982; Petersen 1985; Lampe 1985).

In ons bespreking van enkele hoogtepunte rakende die stand van sake, is dit nie die bedoeling om op alle aspekte en terreine van ondersoek in te gaan nie, maar eerder om aandag te wy aan vier benaderings wat almal met aspekte van die brief se struktuur te make het, te wete die briefvorm, 'n moontlike retoriese struktuur, 'n verhaalstruktuur wat agter die teks sou kon lê, en 'n redevoeringsanalise.

Dit kan gebeur dat 'n brief benewens die briefelemente en tipiese briefformules wat dit as brief kenmerk, ook nog 'n andersoortige struktuur vertoon wat parallel met die briefstruktuur loop en selfs daarmee geïntegreer kan wees. Daarby sal 'n redevoeringsanalise die tipiese eie verloop van die gedagtegang, die gang van die betoog, kan help blootlê. In die lig hiervan sou 'n mens dan oor die struktuur van die brief vanuit ten minste bogenoemde vier hoeke kon handel.

Eerstens kan aangedui word hoe die brief vergelyk met **die gebruiklike brief-konvensies** van sy eie tyd. Hierby sal aandag gegee moet word aan die elemente wat die Hellenistiese brief uitmaak, byvoorbeeld die briefaanhef, die dankseggings- of lofseggingselement; die korpus of liggaam van die brief, en die briefslot. In dié verband sal gelet moet word op die gebruiklike formules en taalwendings wat in elke afdeling voorkom, en wat onder andere as inleidende of afsluitings- of oorgangsfrases verstaan moet word. Langs hierdie weg word die briefvorm of tipiese briefstruktuur ontleed.

Tweedens sou dit moontlik wees om in sekere briewe **elemente van 'n ander liter̄re vorm** te ontdek as die gebruiklike briefelemente, sonder dat hierdie tweede 'struktuur' noodwendig in botsing kom met die briefvorm. 'n Voorbeeld hiervan is Efesiërs, waarvan hoofstukke 1-3 die tipiese elemente van 'n Joodse **berakah** (lofgebed) bevat, maar dan so dat dit die briefelemente nie tot niet

maak nie. (Roberts 1978:166-170 1); Roberts 1983a:12-19). Dieselfde gebeur in Filemon. Hier is dit egter die elemente van 'n retoriese redevoering wat kenmerkend mag wees van die briefvorm.

Derdens sou 'n mens aan die hand van 'n metode deur Petersen (1985) ontwikkel, kon poog om die **verhaalstruktuur** van die brief vas te stel en om dan in die lig daarvan te probeer om die sosiologiese verhoudinge in wat deur die brief veronderstel word, te bepaal.

Vierdens kan langs die weg van 'n linguistiese **redevoeringsanalise** gepoog word om die gang van die betoog, die verloop van die argument, nader te bepaal. By hierdie laaste werkswyse kan die resultate van die vorige twee analitiese ondersoeke in die oog gehou word om, indien dit moontlik en wenslik sou blyk te wees, die resultate te koördineer.

### 3.1 Die briefvorm

Besonder baie aandg is in die afgelope tyd gewy aan die briefvorm in die Nuwe Testament waarby die klem veral geval het op die vergelyking van materiaal uit buite-Bybelse bronne. Langs hierdie weg het dit moontlik geword om 'n besonder goeie beeld te bekom van die verskillende soorte briewe en die briefskryf-konvensies van die tyd rondom die eerste eeu, en hoe die Nuwe-Testamentiese briewe daarmee ooreenstem of daarvan verskil 2).

---

1) Weens 'n ongelukkige vertaalfout kan die opvatting ontstaan dat ek in die aangehaalde artikel die teenoorgstelde betoog as wat hier gebeur het (vgl bo-aan p 167). Die verband wys egter duidelik dat dit nie hier die geval is nie. Die bedoeling was juis om te sê dat die **berakah** heel gemaklik inpas by die gewone briefstruktuur, maar tog in sy oorspronklike vorm herkenbaar gebly het.

2) Vir die belangrikste literatuur, vgl Du Toit 1984:21-22; Roberts 1983b:68-70.

In die lig hiervan is dit sonder meer duidelik dat Filemon inhoudelik tot die groep van aanbevelingsbriewe behoort. Wat egter besonder opvallend is, is dat die briefvorm van Filemon nie ooreenstem met die gebruiklike vorm van 'n aanbevelingsbrief nie, maar eerder die bekende patroon van die ander Pauliniese briewe volg, hoewel dit gebruik maak van bepaalde uitdrukkings en strukturele elemente wat in die Hellenistiese aanbevelingsbriewe voorkom (Kim 1972: 123-8). Volgens Kim blyk dit juis dat daar groot ooreenkoms bestaan tussen die briefsenstrum, of liggaam, van Filemon en 'n aantal ander plekke in Paulus se briewe (Rm 16:1-2; 1 Kor 16:15-16, 17-18; Flp 2:29-30; 4:2-3; 1Ts 5:12-13a) waar ons aanbevelings aantref. In der waarheid maak Paulus op al hierdie plekke gebruik van 'n eiesoortige aanbevelingsformule (Kim: 123, 126).

Kim meen dat Filemon se Pauliniese briewe verdeel kan word in die volgende onderdele:

1. Briefaanhef ('salutation'): 1-3
2. Danksegging: 4-7
3. Briefsentrum: 8-22
4. Briefslot: 23-25.

Hy voeg toe: 'Only paraenesis and "eschatological climax" in the body are missing. Yet the overall structure of Philemon conforms to that of Pauline letters; it is certainly a typical Pauline letter' (124).

Wel is dit moontlik om dele van Filemon met die elemente van die gangbare aanbevelingsbriewe in ooreenstemming te probeer bring. Dan kan verse 8-16 as die agtergrond, en vers 17 as die versoekgedeelte verstaan word. Maar '... such a division is secondary and arbitrary, for the body of Philemon exhibits the Pauline commendation formula as found also in all six of the other Pauline passages of recommendation' (125-6).

Blykens Kim se ondersoek van die betrokke passasies bevat die Pauliniese aanbeveling telkens drie elemente: (a) inleiding; (b) verdienstes ('credentials'); en (c) verlangde aksie (126). Hierdie drie aspekte kom ook in Flm 10-17 voor. Alhoewel verse 8-9 ook item (a) verteenwoordig, lui dit egter volgens Kim 'n algemene vermaning in

en is dit bloot 'n prelude tot vers 10 en dus geen essensiële element van item (a) nie (126).

In Filemon maak vers 10a hiervolgens die inleiding (a) uit; verse 10b-16 die verdienstes (b), en vers 17 (by name 17b) die verlangde aksie (c) (Kim 1972: 126v).

White (1975: 48-65) het Filemon vanuit 'n ander hoek benader, vanuit die gesigshoek van die gewone brief wat opgebou is rondom die briefaanhef, die briefsentrum ('body') en die briefslot. Sy belangstelling lê veral by die formele elemente in die briefsentrum waarin hy eweneens 'n begin, `n middelstuk en 'n slot ('body-opening', 'body-middle' en 'body-closing') onderskei. Die sentrale stuk, of liggaam, van Filemon bestaan volgens hom uit verse 7-22.

Binne hierdie gedeelte vorm die aanvang ('body-opening') die grootste deel, naamlik verse 7-14. Vers 7 veronderstel die ontvangs van 'n berig as die grondslag van Paulus se blydskap, wat 'n formele wyse is om die sentrum in te lui. Hierdie berig (oor Filemon se liefde en Christelike dienslewering) vorm die agtergrond vir Paulus se versoek. In der waarheid maak dié twee elemente, die versoek en die agtergrond daarvan, die aanvang van die sentrale gedeelte uit. Anders gestel: twee aaneengeskakelde formules, naamlik Paulus se blydskap en Paulus se versoek, vorm die aanvangsgedeelte van die liggaam van die brief. In die versoekperiode tree drie formele elemente na vore wat telkens (in gewysigde vorm) by die liggaamsopening van briewe aangetref word:

1. die gebruik van die inleidende konjunksie **dio**;
2. die stelling van die versoek deur middel van die werkwoord **parakalo**;
3. die aanduiding van die inhoud deur middel van **peri** + genitief (White: 1975: 48-49).

Die middelstuk van die briefsentrum is volgens White heel kort en selfs van minder belang (verse 15-18). Op hierdie punt verskil Filemon van die ander Pauliniese briewe, waar die middelstuk van die briefsentrum uit twee dele bestaan:

1. 'n streng georganiseerde teologiese argument;

2. 'n minder geordende deel waarin die beginsels van die eerste deel gekonkretiseer word in die lig van die lesers se situasie.
Hierdie skema tref ons nie by Filemon aan nie. Die gedeelte word ook nie met die gebruiklike formules geopen of gesluit nie (White 1975:53v;115;n 28).

Die slot van die briefsentrum (by Filemon verse 19-22) vertoon by Paulus 'n veel sterker stereotipe karakter as die vorige twee dele, en bevat die volgende drie elemente (White 1975:59-68):
1. 'n Formule wat **motivering vir die skrywe** en gepaardgaande vereiste vir 'n **aanvaarding van verantwoordelikheid** uitdruk. Hier word die boodskap van die briefsentrum weer opgeneem en word aangedring op 'n gepaste responsie. Volgens White (1975:63;118;n 47) bevat Filemon (vgl vers 19) onder hierdie punt drie aspekte: (1) 'n formule-agtige stelling oor die outeur; (2) 'n verwysing na die skryfaktiwiteit; en (3) 'n bevestiging van die rede vir die skrywe.
2. **'n Formule van vertroue** (vers 21). Hierdie is 'n tipiese Pauliniese element. Hieronder tree vier aspekte na vore, waarvan die eerste by Filemon ontbreek: (1) die beklemtoonde gebruik van die voornaamwoord **ego**; (2) die gebruik van die perfektum van **peitho**; 'n aanduiding van die grondslag vir die vertroue - dit lê by Paulus òf by God, òf die ontvangers van die brief - in die geval van Filemon by laasgenoemde; (4) 'n pertinente verwysing na die objek waarin Paulus vertroue het - by Filemon sy gehoorsaamheid.
3. Gebruikmaking van die apostoliese **parousia-formule** (vers 21, 22).

Die analise van White lewer verskeie probleme op. Boers (1975/76:145-9) het reeds na aanleiding daarvan opgemerk dat die 'formal characteristics of the central section of the Pauline letter remain unclear' (145). En: 'Greater clarity has been achieved in connection with what White calls the "body-closing" (146 - vgl ook Scroggs 1976:273).

Met betrekking tot Filemon kan die volgende opgemerk word:
1. Ten opsigte van die aanvangsgedeelte gee die **peri** + genitief-frase nie werklik die inhoud van die versoek weer nie, tensy

die verklaring aanvaar word: 'Ek vra van jou dat jy my seun Onesimus aan my skenk' (vgl Knox 1960:15-33). Hoewel nie eksplisiet gestel nie, wil dit voorkom of dit wel White se opvatting is. Hy self toon egter dat **peri** + genitief nie die gewone wyse is om inhoud aan 'n versoek te gee nie (1975:113 n 16). Daarby kan **peri** + genitief soms dien om 'n **topos** in te lei (Bradley 1953:239-40; 246; Mullins 1980:544; Boers 1975/76:157), en hoewel dit nie hier om 'n formele **topos** handel nie, kan dit goedskiks dien om die 'saak' waaroor die versoek handel, aan te dui, eerder as die inhoud van die versoek 3). Die inhoud kom in der waarheid eers in vers 17 ter sprake.

2. Ten opsigte van die identifisering van die middelstuk het ons groot probleme. Dit bevat nie die twee-deling wat White vir die Pauliniese brief aangetoon het nie, en formele ingangs- en slotformules ontbreek. In die lig hiervan moet gevra word of Filemon wel so 'n middelstuk bevat (vgl ook Church 1978:28).

3. Ten opsigte van die briefsentrumslot tree eweneens probleme na vore:

(i) Die motivering vir die skrywe wat White (1975:62-3) in vers 19 vind, het hoegenaamd nie dié funksie nie. Dit is niks anders as 'n skuldbrief wat hier geïnkorporeer is nie. Om 'n motivering vir die skrywe van Filemon te vind, moet eerder na vers 21 gekyk word, maar dié vers vervul volgens White (1975:64) 'n ander funksie, dié van 'n vertrouensformule.

(ii) Op geen wyse kan dit waar gemaak word dat vers 19 'n 'reiteration of the reason for writing' (White 1975:63) bevat nie.

(iii) Dit is wel waar dat die sogenoemde apostoliese **parousia**-formule in vers 22 voorkom. Die vraag is egter watter funksie dit hier vervul. White (1975:25, 40,97) maak die stelling dat die briefsentrumslot twee funksies het wat dikwels met mekaar verweefd raak: dit kan dien om die rede vir die skrywe 'n laaste keer aan die orde te stel, of dit kan die brug vorm tot toekomstige skrywes. As laaste onderdeel van hierdie sentrumslot geld die

---

3) **Peri** + genitief is een manier om 'n topos aan te dui - vgl Bradley 1953:241-242; Mullins 1980:544. Die gebruik is egter wyer: dit is die gewone manier om 'n verhandeling, dit wil sê, 'n saak wat bespreek gaan word, in te lei (Bradley 1953:242).

mededeling van 'n komende besoek. Dit wil voorkom of Boers die formulering van White (1975:25: '(2) as a means of forming a bridge to further communications', verkeerd verstaan het, asof dit 'n brug na nuwe mededelings in dieselfde brief sou wees in plaas van 'n brug na toekomstige skrywes, soos blyk uit die formulerings van White of bladsye 40 en 97. Immers, Boers maak onder andere na aanleiding hiervan die gevolgtrekking (1975/76) 140, 147-8) dat die apostoliese **parousia** nie tot die briefsentrum gereken moet word nie, maar as 'n brug beskou moet word tussen die briefsentrum en die vermanende gedeeltes van Paulus se briewe. Die **parousia**-gedeelte het, anders as in die geval van die briefsentrum, nie die taak om informasie mee te deel nie, maar om die persoonlike kontak te versterk. Hiermee is die brugkarakter van wat White die briefsentrumslot noem, duidelik. Dit is ook in die Pauliniese briewe as brug tussen die sentrum en die paranese aantoonbaar, soos Funk (1966:271v, vgl 263-274) aandui. In die lig van bogaande wil dit voorkom of hier 'n belangrike verskil tussen White se papiri-briewe en Paulus aan die lig tree. Wat by White se briewe 'n brug na toekomstige skrywes vorm, is klaarblyklik by Paulus dikwels 'n brug in dieselfde brief tot die andersoortige mededelings wat in die paranese vervat is. Maar kan ons dan nog praat van 'n briefsentrumslot? Wat sê dit nou ten opsigte van Filemon?

In Filemon verskyn die **parousia**-gedeelte aan die einde, soos by die papiri. Die brugfunksie, soos elders by Paulus, het dit klaarblyklik nie. Is dit dan as dreiging bedoel soos by baie papiri-briewe, wat impliseer dat die skrywer sal kom kyk of sy wense uitgevoer is? (P.Tebt.757, 9vv; P.Par.49 (=U.P.Z.62), 33vv; P.Oxy.113, 27vv - voorbeelde by White 1975: 50-51).

In Filemon vervul hierdie item kennelik 'n ander funksie. Die **parousia**-formule is ongetwyfeld hier die uitdrukking van 'n egte begeerte tot kontak. Maar in hierdie brief geld dit besonderlik as die aanleiding tot wat ons kan noem 'n tweede versoek, naamlik om vir Paulus 'n gastekamer gereed te hou. En hierdie versoek dien as 'n besondere versterking van die hoofversoek: verwelkom hom soos jy my sal verwelkom (vgl Roberts 1983b:62-63).

In die lig van bogenoemde moet dit duidelik wees dat Filemon anders gekonsipieer is as die ander briewe, en dat die blote voorkoms van die **parousia**-formule nie sonder meer as van gelyke funksie met die res beskou kan word nie, net so min as wat die **parakalo**-frases hier as inleiding tot die paranese beskou kan word.

Dit is dus 'n ernstige vraag of White se analise van die Pauliniese brief ons werklik verder help by die verstaan van Filemon. Dit wil voorkom of Kim se onderskeidings (vgl hierbo) 'n beter kans staan om tot 'n goeie verstaan van Filemon te lei. Dat hy egter vers 7 tot die danksegging reken, moet op grond van Paulus se gebruiklike wyse om die oorgang na die briefsentrum te bewerk van die hand gewys word (Roberts [1986]). Ons het hier 'n tipiese persoonlike uitdrukking wat 'n selfstandige perikoop vorm en die oorgang van die briefliggaam vorm (vgl ook 3.4).

## 3.2 **Retoriese struktuur**

Die invloed van die retorika op Paulus se briewe word tans met hernude ywer bestudeer. Hier het veral Church (1978) 'n besondere bydrae gelewer, by name ten opsigte van Filemon. Waar Betz (1974/75) die brief aan die Galasiërs onderwerp aan 'n analise op die basis van die antieke forensiese retoriek, is Church van oordeel dat dit eerder die sogenoemde deliberatiewe retoriek is wat vir die Pauliniese briewe bruikbaar gemaak kan word (1978:19).

Hierdie kategorie van retoriek kan samevattend so beskryf word: die funksie daarvan is om tot aksie op te roep, of om daarvan af te raai. Dit is nie so opgesmuk soos wel die geval is by die forensiese en epideiktiese vorme nie (Church 1978:18,19). Dit is veral deur 'n beroep op die eergevoel (**honestas**) en op die voordeel (**utilitas**) wat 'n handeling inhou dat die aangesprokene tot aksie wil beweeg word. Om dit tot stand te bring, word gesteun op drie soorte 'bewyse' in die hoofdeel, naamlik die **pistis** of **probatio**. Die drie bewyse bestaan uit 'n beroep op **ethos** of **mores**; **pathos** of **adfectus**; en **logos** of **argumentatio**. **Ethos** het te doen met die goeie karakter van die spreker; **pathos** met die hoorder wat in die regte gemoedstemming gebring moet word; en **logos** met die toespraak

self, naamlik na die mate waarin dit die bewys lewer of oënskynlik lewer (Aristoteles, Rhet. 1.2.3 - vgl Church 1978:19, n 13).

Struktureel bestaan hierdie vorm van retoriek uit drie dele (Church 1978: 20):
(1) die **exordium** (**pro-oimion**);
(2) die **probatio** (**pistis**), hoofdeel of bewys;
(3) die **peroratio** (**epilogos**).
Die **exordium** lei in en bevat reeds die hoofsaak van wat in die **probatio** nader uitgewerk word. Die **peroratio** stel die saak nog eens, poog om die guns van die hoorder te verkry, bou die argumentasie verder uit en stel die hoorder in die regte gemoedstemming. Veral in laasgenoemde word aan die emosionele aspek volle teuels gegee.

Church (1978: 21vv) is van mening dat Paulus se versoek aan Filemon op die lees van 'n deliberasie geskoei is en dat die dankseggingselement van die brief (verse 4-7) die funksie van 'n **exordium** vervul; dat die **probatio** in die sentrale gedeelte ('main body') in verse 8-16 aangetref word; en dat die afsluiting van die sentrale deel ('body-closing'), naamlik verse 17-22, die **peroratio** uitmaak.

In verse 4-7 word drie elemente aangetref wat in 'n **exordium** tuishoort:
(1) Paulus prys Filemon (implisiet) vir sy vertroue op Christus en sy liefde vir die lede van God se volk, en bewerk so 'n goeie gesindheid tussen hulle.
(2) Langs hierdie weg bevorder hy sy saak, deur die beklemtoning van daardie eienskappe van Filemon wat bepalend gaan wees vir die uitslag van sy versoek.
(3) In hierdie gedeelte sinspeel hy op aspekte wat later in die **probatio** aangevoer, en in die **peroratio** bevestig gaan word. Die aspekte waarop hier gesinspeel sou word, is volgens Church (1978:23) die gedagte van gebed (vers 4 en weer in 22); die gedagte van Filemon se liefde (verse 5 en 7 en weer in 9); die gedagte van die goeie (vers 6 en weer in 14); die gedagte van gemeenskap (vers 6 en weer in 17); en die gedagte van die innerlike, die versterking

daarvan, en gepaard daarmee die broederskap (vers 7 en weer in verse 12 en 16 van die **probatio** en vers 20 van die **peroratio**). Alhoewel die gedeelte verse 8-16 (**probatio**) verstaan kan word as in ooreenstemming met die versoekgedeelte van 'n brief, is dit vanuit 'n retoriese vormkritiese analise duidelik, sê Church (1978:24v), dat Paulus hier nie bloot 'n versoek rig nie, maar inderdaad in ooreenstemming met die gebruike van die deliberatiewe retorika, besig is om 'n bepaalde argument te voer. Hy begin in verse 9 en 10 met 'n beroep op **ethos** en **pathos** deur na sy eie gesagsposisie te verwys en na sy lyding as 'n gevangene ter wille van Christus. Hierby maak hy gebruik van die sogenoemde praktyk van **antifrasis** deur openlik afstand te doen van die gebruik van sy gesagsposisie - iets wat 'n sterk faktor in sy argument kon wees. Hierdie praktyk funksioneer sterk positief in 'n retoriese argumentasie, omdat alles wat volg daardeur versterk word. Immers, as hy later 'n versoek rig, bly die gedagte steek dat hy werklik hieroor 'n bevel kon gegee het. 'This has the effect of establishing an **a fortiori** argument, re-inforcing everything that follows' (Church 1978:26).

Hierby kom 'n verdere versterkende praktyk, naamlik die van **conduplicatio** in die verdubbeling van die werkwoord **parakalo** van verse 9 en 10, en wat op sy beurt teruggryp na Paulus se bemoediging (**paraklesis**) in vers 7.

In verse 10 en 11 word die voordeelgedagte (**utilitas**) as motivering aangewend en word dit gepaar met die redenasie dat die tyd dinge verander (**affectio**) - hier die bekering van Onesimus.

Verse 12-14 stel die gedagte van eervolle optrede aan die orde (**honestas**) deurdat dit Filemon die geleentheid bied tot die doen van 'n goeie daad. Hy bereik hierdie effek hier deur homself volledig met Onesimus te identifiseer. 'With considerable persuasive force, he now has established grounds for mutual reciprocity between Philemon, Onesimus, and himself, a reciprocity based upon service in the Lord' (Church 1978:27). Verse 15-16 bevat 'n verdere motivering - een wat nie in die retorika gebruiklik was nie, te wete 'n beroep op God se voorsieningheid.

> Actually, this is nothing less than the capstone of Paul's proof. It is designed to motivate Philemon, not to account for Paul's actions. Not only does Philemon stand to gain by the loss that for a while he had incurred, but by receiving Onesimus back as a beloved brother, he is completing God's designs (Church 1978:28).

Ten opsigte van die **peroratio** (verse 17-22 bevind Church (1978:28):

> Paul's closing statement fulfils each of the four requirements of a rhetorical peroration. He restates his request (v 17); he amplifies his argument (vv 18-19); he sets the hearer in an emotional frame of mind (v 20); and, he secures the hearer's favor (vv 21-22). This is done with a maximum of **pathos**, as is appropriate to the close of a deliberative appeal ...

Die gevoelvolle kom hier daarin uit dat Paulus 'n beroep doen op hulle onderlinge verhouding as deelgenote, vennote. Hy versterk sy argumentasie deur die tegnieke van **anticipatio** en **praeteritio**. Deur middel van eersgenoemde onderskep hy by voorbaat enige teenstribbeling wat op grond van Onesimus se benadeling van Filemon sou kon ontstaan. **Praeteritio** ontstaan wanneer iemand byvoorbeeld sê dat hy 'n bepaalde saak nie aan die orde wil stel nie en dit daardeur juis doen, soos wanneer Paulus hier sê dat hy Filemon nie daaraan wil herinner dat hy alles aan Paulus verskuldig is nie. Langs hierdie weg het hy dit tog gesê en die punt gemaak. Voorts word Filemon emosioneel reg ingestel wanneer Paulus sê dat hy graag voordeel op hom sou wou behaal deurdat Filemon sy innerlike versterk wanneer hy aan die versoek gehoor gee. Ten slotte word Filemon se guns gewen deur volle vertroue in sy gehoorsaamheid te stel. Die afsluitende versoek om 'n kamer vir hom gereed te hou en dat daar vir sy vrylating gebid moet word, bring die **peroratio** op 'n besonder skerp wyse tot 'n geangelde einde.

By die beoordeling van Church se bydrae moet voorop gestel word dat hy ongetwyfeld die punt gemaak het dat die retorika 'n rol gespeel het by die totstandkoming van Filemon en dat 'n studie van die retorika daarom op sy beurt van groot belang is vir die regte verstaan van hierdie brief. Of dit egter nou ook beteken dat die brief so netjies in die drie-deling van **exordium**, **probatio** en **peroratio** verdeel kan word, is 'n ander vraag. Trouens, die verwyt van Church teen White oor die gedwongenheid van die briefstruktuur, kan net so goed op sy retoriese analise van toepassing gemaak word (vgl 3.1 hierbo, en Church 1978:28).

Die volgende oorwegings moet in dié verband in gedagte gehou word: wat die **exordium** betref, is dit korrek dat die vermelding van Filemon se vertroue op Christus en veral sy liefde vir die lede van die Godsvolk van beslissende belang geag moet word vir wat volg. Tog is dit nie korrek om te sê dat Paulus Filemon hier prys nie. Dit gaan hier om sy dank teenoor God vir hierdie eienskappe van Filemon, wat dan wel die grondslag lê vir 'n suksesvolle versoek. Die fokus lê hier op God en nie op Filemon nie.

Dit is ook korrek dat bepaalde woorde, soos aangedui, in die **exordium** voorkom en dan weer later herhaal word. In dié verband moet egter meer presies onderskei word as wat by Church die geval is.

Eerstens word die gedagtes van onderlinge liefde, asook van broederskap, al in verse 1 en 2 vermeld en speel in die brief 'n wyer rol as wat die geval sou wees indien dit in die inleidende, wegbereidende **exordium** vir die eerste keer sou voorgekom het.

Tweedens is dit nie in orde om afleidings oor hierdie motiewe bloot op die klank van woorde af te maak nie. So is dit die vraag of **koinonia** in vers 6 op dieselfde saak slaan as **koinonos** in vers 17. Dat Paulus sy voorbidding vir Filemon vermeld en in vers 22 vra dat vir hom in sy situasie voorbidding gedoen word, kan hoegenaamd nie as op mekaar inspelende motiewe binne die raamwerk van sy pleidooi verstaan word nie. Ook het die vermelding van die goeie in vers 6 en weer in vers 14 ewe min op mekaar betrekking. In vers 6

slaan dit op die eties goeie wat onder hulle as Christene aangetref word; in vers 14 gaan dit om 'n eventuele gunsbewys van die kant van Filemon teenoor Paulus. Hoe die goeie dade van vers 6 dus 'n voorlopige uitgooi van 'n gedagte kan wees wat later in die **probatio** opgeneem en uitgewerk sou word, is geheel en al onduidelik. Dieselfde geld van die gebruik van **paraklesis** in vers 7 en die herhaalde gebruik van **parakalo** in verse 9 en 10. **Paraklesis** verteenwoordig in vers 7 die gedagte van bemoediging, terwyl die werkwoord in verse 9 en 10 die betekenis 'versoek' 'vra' verteenwoordig. Die eerste kan onmoontlik verstaan word as 'n voorlopig uitgegooide idee wat later breër uitgewerk word. Ook die frases rondom die innerlike vertoon wesenlike diversiteit. In vers 7 en vers 20 gaan dit albei kere inderdaad om innerlike versterking. In vers 12 dien **splanchna** om Paulus met Onesimus te identifiseer. Broederskap word in vers 7 verbind met die innerlike versterking, maar nie in vers 16 nie, en ook nie in verse 1 en 2 nie.

Derdens lewer die wyse waarop bepaalde gedagtes vanuit die **exordium** in die ander twee dele sou funksioneer probleme op. Volgens Church (1978:23) se skema kom die gebedsgedagte in die **exordium** en **peroratio** voor, maar nie in die **probatio** nie; liefde weer tree op in die **exordium** en **probatio**, maar nie in die **peroratio** nie; dieselfde geld van die gedagte van die goeie; die gemeenskapsidee kom weer in die eerste en laaste dele voor. Slegs die gedagte van die innerlike kom in al drie dele voor. Word hierby die kritiek, hierbo uitgespreek ten opsigte van die ongelyke valensie van die uitdrukkings, in gedagte gehou, bly daar nie veel oor van die stelling dat bepaalde elemente van die argumentasie in die **exordium** deur middel van sekere woorde en uitdrukkings aangesny word om later in die ander twee afdelings uitgebou te word nie. Al wat vanuit hierdie hoek bekyk werklik betekenisvol geblyk het, was die gedagte van Filemon se liefde vir die heiliges en die verwysing na Filemon se versterking van hulle innerlike. Die res van Church se analise van die gebruik wat gemaak is van die retoriese elemente moet sonder meer as besonder waardevol aangeteken word.

### 3.3 Die verhaalstruktuur

In sy onlangse werk oor die sosiologie van die Pauliniese briewe het Petersen (1985; vgl ook Feeley-Harnik 1982) baie aandag gewy aan die verhaalstruktuur van Filemon (vgl Roetzel 1986; Roberts [1987]). Dit is nie die bedoeling om hier aandag te wy aan die sosiale rolle en patrone waarin Petersen se hoofbelangstelling geleë is nie, maar eerder aan die strukturele analise wat hy aanwend om tot sy sosiale analises te geraak.

Dit is die kontensie van Petersen dat 'n verhaal die draer is van sosiale werklikhede en dat briewe op hulle beurt weer 'n eie verhaal het wat agter die brief verskuil lê. Wat Filemon betref, is hy dus daarop ingestel om die verhaal van Filemon te agterhaal. Hiervoor moet die kronologie van die verhaalgebeure vasgestel word - 'n kronologie wat verskil van dié wat ooglopend in die struktuur van die brief voor hande is. Blykens die briefstruktuur begin die reeks gebeurtenisse by die berig wat Paulus oor Filemon se geloof en liefde verneem, en eindig dit by Paulus se geantisipeerde besoek. Maar die storie agter die brief begin by die skuld waarin Filemon by Paulus geraak. Dit eindig ook met die beoogde besoek van Paulus (Petersen 1985:70). Deur die herrangskikking van die feite meen Petersen dat hy die sosiale fokuspunt van die Paulus-Onesimus-Filemon-verhaal kan raakvat. Dit sou naamlik 'n verhaal wees oor skuld. Filemon is by Paulus in die skuld vanweë sy bekering deur Paulus. Onesimus is by Filemon in die skuld weens sy vlug, en die skade wat hy Filemon aangedoen het. Paulus vereffen laasgenoemde skuld. Hierdeur kom Filemon se uitstaande skuld teenoor Paulus in skerp reliëf te staan. Die volgende aanhaling maak dit duidelik (1985:74):

> Besides providing a because-motion for Philemon's response, the juxtaposition of Onesimus's cancelled debt to Philemon with Philemon's outstanding debt to Paul is critical because with one stroke it shifts the burden of indebtedness from Onesimus to Philemon, and in the process places three other actions in a new light: Paul's appeal to Philemon ... now becomes

> Paul's calling in of Philemon's debt: Philemon's response .. is therefore his repayment or default on his debt; and Paul's anticipated visit ... becomes a visit by the debtee to the debtor to see if the debt has been paid.

Of om dit deur nog 'n aanhaling (1985:291) ietwat anders te nuanseer:

> The competing demands that Paul envisions for Philemon are fundamental to both his letter and his story because they supply the motive for the letter, including its rhetoric, and the plot of its story. How so?
>
> The plot of Paul's story is structured around the theme of indebtedness. This theme both links together and contrasts two story-lines, one concerning Onesimus's indebtedness to Philemon in die domain of the world, the other Philemon's indebtedness to Paul in the domain of the church.

Dit is nie moontlik om hier in kort bestek reg te laat geskied aan die ingewikkelde beredenering van Petersen, of om sy werk aan volledige kritiek te onderwerp nie. Hiervoor moet daar onder andere meer geleentheid gebied word vir die wetenskaplike diskussie om werklik oor sy werk aan die gang te kom. In die algemeen kan dit egter gestel word dat dit dikwels voorkom of Petersen se resultate by voorbaat reeds vasstaan en dat sy metode eerder 'n beskrywingswyse vir sy opvattings is, as dat dit noodwendig tot sy resultate lei. Baie eksegetiese kwessies word nooit gediskusseer nie hoewel daar, ongenoemd, keuses in bepaalde rigtings gemaak word (vgl Roberts [1987]; Roetzel 1986:141). Om hier slegs een voorbeeld te noem: wanneer Petersen in die skema van kronologiese gebeurtenisse die berig oor Filemon eerste plaas en Paulus se gevangenskap tweede, word daar hiervoor geen motivering gebied nie, hoewel die twee gebeurtenisse goedskiks andersom kon gebeur het. Nou is dit seker haas onmoontlik om 'n saak van hierdie aard met enige sekerheid uit te maak. Die feit is egter dat Petersen se

volgorde vir sy tese van wesenlike belang is en hy daarop bou asof daar geen ander moontlikheid is nie - en dit terwyl die korrektheid van sy aanname onbewese is en hierdie feit onvermeld bly. Ondanks die feit dat sy werk die leser op baie punte onbevredig laat, bring hierdie aanpak tog bepaalde gesigspunte na vore wat verder aan in die debat nie geïgnoreer sal kan word nie.

## 3.4 Redevoeringsanalise

'n Linguistiese redevoeringsanalise van Filemon is na my wete nog slegs in enkele geskrifte voor hande, te wete die artikel van Smijewski (1974), die behandeling daarvan deur Louw (1976:125-133) en 'n artikel deur my waarin 'n streng tegniese bespreking vermy is (Roberts 1983b). Hierin is die resultate van navorsing met die oog op 'n kommentaar in die beoogde reeks **Kommentaar op die Nuwe Testament: struktuur, uitleg, boodskap** weergegee.

Die besonder waardevolle pogings van Smijewski ly egter daaraan dat nie die brief as geheel as uitgangspunt geneem is nie, maar 'n vooraf uitgemaakte hoofdeel (verse 8-20); dat 'n mate van willekeurigheid ontstaan omdat die skrywer vir sy analise die tradisionele versindeling volg in plaas van die grammatiese gedagte-eenhede of kola; en dat die grense van die metode soms oorskry word deurdat daar te veel uit die gegewens afgelei word.

Die handeling van Louw dien, binne die raamwerk van sy boek, as voorbeeld van hoe by so 'n analise te werk gegaan moet word en dek eweneens slegs enkele verse, naamlik 4-7. Hierdie verse word as 'n perikoop opgeneem, sonder egter om metodies aan te dui dat ons hier inderdaad met 'n perikoop te doen het.

Om hier 'n volledige redevoeringsanalise van Filemon aan te bied, sal ons te ver voer. Die leser word na my genoemde artikel (en die ander twee voorbeelde hier vermeld) verwys as aanduiding van hoe die metode kan werk, en die soort resultate wat dit sou kon lewer. Hierby moet egter die beperkinge van die betrokke verwerkings in gedagte gehou word. Vir 'n omvattende wetenskaplike aanbieding

van hierdie aanpak sal daar op die verskyning van die kommentaar gewag moet word.

## Perikoopbinding van Filemon

Intussen sal hier wel gepoog word om op 'n vollediger wyse as wat in die bogenoemde artikel moontlik was, in te gaan op die perikoopbinding in Filemon. Om nie te tegnies te raak nie, word hier egter afgesien van die weergawe van die sinseenhede en onderdele wat kola en kommata genoem word, en sal daar alleen na verse en versdele verwys word. Verder sal daar ook nie 'n afsonderlike bespreking gevoer word oor die formele struktuurelemente nie. Albei hierdie prosedures het uiteraard gedien as die basis vir die bepaling van binding binne perikope, asook van die onderlinge binding van die perikope. Hieronder word daar slegs ingegaan op laasgenoemde aspek, terwyl daar, vir ons doel hier, ook afgesien word van 'n nadere analise van die soms baie interessante strukture binne die perikope self (vgl hiervoor Roberts 1983b: 61-63). In verband met die perikoopbinding mag dit belangrik wees om vooraf te vermeld dat my analise gelei het tot die verdeling van die brief in vyf perikope, te wete, P1: briefaanhef (1-3); P2: danksegging en voorbidding (4-6); P3: Paulus se blydskap en bemoediging (7); P4: Paulus se versoek (8-22); P5: briefslot (23-25).

Wat P1 en P5 betref, val daar die volgende op te merk: die twee perikope is verbind met:
(1) die gedagte van onderskeidelik Paulus en Epafras se gevangenskap, in albei gevalle verbind met Christus Jesus;
(2) die gedagte van onderskeidelik medewerkers onder die ontvangers en medewerkers in die omgewing van Paulus;
(3) asook groete aan eersgenoemde en groete van laasgenoemde;
(4) die gedagte van **charis** wat toegesê word;
(5) asook die vermelding van **Christos Jesous** in vers 1 en vers 23, en **Kurios Christos Jesous** in vers 3 en vers 25.

Ons het hier heel duidelik en sonder kans vir misverstand met die tradisionele Pauliniese briefaanhef en briefslot te doen wat hier, soos so dikwels die geval is, op mekaar afgestem is.

Terselfdertyd blyk daar ook bepaalde lyne vanaf P1 na die res van die brief te loop. Wat betref P2 - die verwysing na God, ons Vader in Pl (vers 3) word in P2 (vers 4) opgevolg met dank aan God. Die verwysing na Filemon as geliefde in Pl (vers 1) word in P2 (vers 5) opgevolg met 'n verwysing na Filemon se liefde teenoor die **hagioi**. Verder neem hierdie verwysing na die **hagioi** in P2 (vers 5) die verwysing na die **ekklesia** in P1 (vers 2) op. Nog steeds wat P2 betref, blyk hier, soos by P1 (1-3), die sentraliteit van Jesus (5-6).

Wat P3 betref - die liefdesgedagte (**agape**) en die verwysing na die **hagioi** word in P3 (vers 7) voortgesit, terwyl 'n derde, dié van die broederskap (**adelfos**) die verwysing na Timoteus en Affia as broer (**adelfos** en **adelfe**) in P1 (verse 1-2) nou ook op Filemon oordra.

Tussen P1 en P4 bestaan eweneens verbindingslyne. Die liefde word weer eens beklemtoon (**agape**) P4 (vers 9); (**agapetos**: vers 16). Paulus se gevangenskap word weer vermeld (P4, verse 9,10,13; en sydelings in 22). Die broederskap van Filemon word nog eens erken (P4, verse 16 en 20). Hierby kom ook weer die sentraliteit van Jesus (P4, verse 8,9,16,20). Voorts verwys Paulus by herhaling en by name na homself (P4, verse 9,10). Ten slotte funksioneer ook die gedagte van begunstiging in P4: in P1, vers 3, het Paulus hulle die guns (**charis**) van God en Jesus (saam met vrede) toegesê; in P4 (vers 22) verwag hy dat God ook aan hom sy guns sal bewys (**charisthesomai**).

Op hierdie stadium begin die besondere belang van P3 aan die lig tree. Die verbindingslyne wat vanuit P1 na die res van die brief lei, skyn in P3 'n besondere konsentrasiepunt te bereik, sodat hierdie perikoop die funksie van 'n skarnier vervul wat na vore en na agter bind. Ten opsigte van die verbinding na agter kan op die volgende gewys word: die liefde van Filemon word hier weer beklemtoon (vgl P2, vers 5 en P1, vers 1); die Godsvolk (**hagioi**) weer na vore gebring (vgl P2, vers 5 en P1, vers 1); en die broederskap van Filemon weer

vermeld (vgl P1, vers 1). Ook word met die **gar**, wat hier nie redegewend nie, maar selfstandig motiverend optree, 'n koppeling na agter bewerk. P3 bied 'n motivering vir Paulus se danksegging en vir sy gebed. Deur dit alles heen word 'n band van onderlinge liefde geweef, word die kerk en sy lede as 'n liefdesgemeenskap in die lig gestel. Langs hierdie weg word die agtergrond geskep vir die versoek waaroor dit in die brief handel

Terselfdertyd bind P3 na voor. Die **agape**-motief word weer in P4 (verse 9 en 16) opgeneem; die broederskap tree weer in P4, verse 16 en 20 op. Die 'nuwe' gedagte van die mens se innerlike, sy 'hart' (**splanchna**) duik weer in P4 (verse 12 en 20) op. In vers 20 word dit buitendien soos in P3 verbind met die gedagte van verkwikking of versterking (**anapepautai, anapauson**). Bowendien verskaf P3 die basis vir die konklusies in P4 (verse 8 en 17).

Intussen moet die verdeling tussen P2, P3 en P4 nader aangedui word. Die oorgang tussen P1 en P2 lewer geen probleem op nie. Die briefaanhef sluit op tipiese Pauliniese wyse met 'n seëngroet. Die daaropvolgende element in die Pauliniese brief kan die gekombineerde danksegging/voorbidding wees wat met **eucharisto** ingelei word. Die begin van P2 (as gekombineerde danksegging/voorbidding) by vers 4 staan dus vas. Die vraag is: waar eindig die danksegging/voorbidding? Vers 4 vermeld danksegging sowel as voorbidding. Vers 5 gee die aanleiding en grond vir vers 4a. Vers 6 vermeld die oogmerk van die voorbidding en daarmee meteens en ook die inhoud daarvan. (Wat 'n mens deur gebed wil bereik, is die saak waarvoor jy bid.) Wat is nou die posisie van vers 7?

Met die inleidende **gar** word dit duidelik dat hierdie vers as motivering bedoel is: Paulus se blydskap en bemoediging moet 'n bepaalde optrede verklaar. Hierdeur en deur die opname van die **agape, hagioi** en **adelfos** (vgl hierbo) is die band met die voorafgaande duidelik. Wat hy gehoor het, het Paulus bly gemaak en hom bemoedig. Dié ervaring het hom God laat dank en vir diegene wat daarvoor verantwoordelik was, laat voorbidding doen. Tog is hierdie uitdrukking van Paulus se subjektiewe ervaring in

vers 7 nie meer deel van die danksegging/voorbidding nie. Daarvoor is die binding wat dit met die volgende afdeling het, te sterk. Daar is reeds daarop gewys dat dit die grond bevat vir die **dio** in vers 8 en die **oun** in vers 17, en dat die struktuur-elemente daarvan almal in die volgende deel opgeneem word. Is dit dan die begin van die nuwe perikoop wat deurloop vanaf vers 7 - 22? Ook dit kan nie. Daarvoor is die vers alleen, en nie dié wat daarop volg nie, te duidelik 'n motivering vir die danksegging en voorbidding.

Die oplossing is om vers 7, ondanks sy kortheid, as 'n selfstandige perikoop te neem, wat 'n dubbele funksie vervul. Enersyds motiveer dit die voorafgaande. As selfstandige kort perikoop vervul dit dus die funksie van 'n skarnier wat die danksegging en die versoek verbind. Binne die briefstruktuur vervul dit die tipiese oorgangsfunksie van 'n persoonlike opmerking wat inlei in die hoofsaak van die brief (vgl Roberts [1986]).

Die getuienis tot dusver het gelei tot die vasstelling dat ons 'n P1 het (verse 1-3), P2 (verse 4-6), P3 (vers 7) en P5 (verse 23-25). Tussenin bly nou nog verse 8-22, wat as P4 aangemerk is. Hierdie gedeelte is na vore en na agter duidelik afgemerk van P3 en P5. Die vraag bly nog oor of ons hier met een of met meer as een perikoop te doen het. Die struktuur-elemente wat vir die uitmaak van hierdie saak ter sprake moet kom, vervul binne die gedeelte 'n hoofsaaklik 'plaaslike' funksie en lei ons na die vraag oor samehang binne perikoopverband eerder as tot duidelike skeiding tussen perikope. Ek stel dus die eenheid van verse 8-22 as 'n afsonderlike perikoop, sonder om dit egter hier in detail te probeer bewys, omdat die behandeling van binding binne die perikope reeds aan die begin as doelstelling van hierdie artikel uitgesluit is. (Vir die besonderhede van clusterverdeling binne P4 word verwys na Roberts 1983b: 63).

**Die makrostruktuur van Filemon**

In sy makrostruktuur vertoon hierdie brief deurentyd 'n besonder hegte binding. Die teologiese geladenheid van die Pauliniese briefaanhef lei hier daartoe dat die motiewe wat vir die argument belangrik blyk te wees, grotendeels reeds in die aanhef na vore kom.

P1 oefen so 'n besliste invloed uit op elkeen van die volgende perikope, terwyl dit die nouste eenheid vorm met P5.

Die funksie van P1 en P5 binne die geheel van die brief is om die noue verbondenheid van afsender(s) en ontvangers aan Jesus en aan mekaar te teken. Hierdie vertikale en horisontale verbondenheid hou impliksies in, veronderstel geloofsdimensies vir die praktyk van die Christelike lewe soos dit hier in 'n besondere geval -- die moeilike geval - van 'n wegloperslaaf na vore kom. Dit blyk al dadelik daaruit dat P2, op grond van die waarheid soos weerspieël in P1, God juis vir hierdie dinge dank en dit die basis vir voorbidding maak. Hierby bring die voorbidding die behoefte na vore aan effektuering van die geloofsgemeenskap deurdat die goeie werke wat vir Christus gedoen word, bekend word.

Hierop volg P3 met die motivering vir P2 enersyds en met die vestiging van die grondslag vir die versoek van P4 andersyds. P4 stel dan die versoek en argumenteer op grond van die reeds aangesnyde motiewe vir die uitvoering daarvan. (Vir 'n skematiese voorstelling van die makrostruktuur van Filemon word verwys na Roberts 1983b: 61).

## BIBLIOGRAFIE


Betz, H D 1974/75. The literary composition and function of Pauls's letter to the Galatians **NTS** 21, 353-379.

Boers, H 1975/1976. The form critical study of Paul's letters: 1 Thessalonians as a case study. **NTS** 22, 140-158.

Bradley, D G 1953 The topos as a form in the Pauline paraenesis. **JLB** 72 238 246.

Bratcher, R G & Nida, E A 1977. **A translator's handbook on Paul's letters to the Colossians and to Philemon.** Stuttgart. United Bible Societies.

Church, F F 1978. Rhetorical structure and design in Paul's letter to Philemon. **HTR** 71, 17-33.

Du Toit, A B 1984. Oriënterende opmerkings oor die Pauliniese briefliteratuur, in: Du Toit A B (red) 1984. **Handleiding by die Nuwe Testament, Band 5: Die Pauliniese briewe: inleiding en teologie.** Pretoria NG Kerkboekhandel, 1-22.

Ernst, J 1974. **Die Briefe an die Philipper, an die Kolosser, an die Epheser.** Regensburg: Pustet.

Feeley-Harnik, G 1982. Is historical anthropology possible? The case of the runaway slave, in Tucker, G M & Knight, D H (eds) 1981. **Humanizing America 's iconic book**. Chicago: Scholars, 95-126.

Funk, R W 1966. **Language, hermeneutic, and word of God: the problem of language in the New Testament and contemporary theology.** New York: Harper & Row.

Gnilka, J 1982. **Der Philemonbrief.** Freiburg: Herder.

Kim, C-H 1972. **Form and function of the familiar Greek letter of recommendation.** [Missoula:] Society of Biblical Literature (dissertation series number four).

Knox, J 1960. **Philemon among the letters of Paul.** 2nd ed. London: Collins.

Lampe, P 1985. Keine 'Sklavenflucht' des Onesimus. **ZNW** 76, 135-137.

Lohse, E 1977. **Die Briefe an die Kolosser und an Philemon.** 2nd ed. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Louw, J P 1976. **Semantiek van Nuwe-Testamentiese Grieks.** Pretoria: Dept. Grieks, Universiteit van Pretoria.

Martin, R P 1981. **Colossians and Philemon.** Softback. Grand Rapids: Eerdmans.

Matter, H M 1965. **De brief aan de Philippenzen en aan Philémon.** Kampen: Kok.

Mullins, T Y 1980. Topos as a New Testament form. **JBL** 99, 541-547.

O'Brien, P T 1982. **Colossians, Philemon.** Waco: Word Books.

Petersen, N R 1985. **Rediscovering Paul: Philemon and the sociology of Paul's narrative world.** Philadelphia: Fortress Press.

Roberts, J H 1978. De knechtsgestalte van de kerk in de brief Efesiërs, in **De knechtsgestalte van Christus: Studies door collega's en oud-leerlingen aangeboden aan Prof. Dr.H N Ridderbos.** Kampen: Kok, 166-178.

1983a. **Die brief aan die Efesiërs.** Kaapstad: NG Kerk-uitgewers.

1983b. Struktuur en betekenis van Filemon. **TE** 16/3, 58-69.

[1986]. Transitional techniques to the letter body in the **corpus Paulinum,** in Petzer, J H & Hartin, P J (eds) [1986]. **A South African perspective on the New Testament: Essays by South African New Testament scholars presented to Bruce Manning during his visit to South Africa in 1985**. Leiden: Brill, 187-201.

[1987]. Petersen, R N 1985. Rediscovering Paul: Philemon and the sociology of Paul's narrative world. Philadelphia: Fortress. 303 + xii. **Neotestamentica** 21, 97-98.

Roetzel, C J 1986. Rediscovering Paul: Philemon and the sociology of Paul's narrative world, by Norman Petersen. **TT** 43, 139-142.

Scroggs, R 1976. Paul as rhetorician: Two homilies in Romans 1-11, in Hamerton-Kelly, R & Scoggs, R (eds), 1976. **Jews, Greeks and Christians: Religious cultures in late antiquity: Essays in honor of William David Davies.** Leiden: Brill, 271-279.

Smijewski, J 1974. Beobachtungen zur Struktur des Philemonbriefes. **BiLe** 15, 273-296.

Stuhlmacher, P 1975. **Der Brief an Philemon.** Einsiedeln: Neukirchener Verlag.

Suhl, A 1981. **Der Brief an Philemon.** Zürich: Theologischer Verlag.

White, J L 1971. The structural analysis of Philemon: A point of departure in the formal analysis of the Pauline letter, in **Society of Biblical Literature: one hundred seventh annual meeting seminar papers,** 1-47.

1975. **The form and function of the body of the Greek letter: A study of the letter-body in the non-literary papyri and in Paul the apostle**. 2nd ed. Missoula: Scholars Press.